



**Wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog, met
spesifieke verwysing na Afrika en Suid-Afrika.**

deur

Frederick Albrecht van der Merwe

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in Internasionale Politiek
in die Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria.

Promotor: Prof Dr M Hough

Februarie 2002



VOORWOORD

Graag betuig ek hiermee my opregte dank, en bring ek lof aan my Skepper, vir krag na liggaam en gees aan my geskenk om hierdie proefskrif, te midde van soms moeilike omstandighede, te kon voltooi.

My opregte dank en waardering aan my promotor, Prof Dr Mike Hough vir die uiters kundige, vriendelike en welwillende wyse waarop hy my van raad en leiding voorsien het om hierdie studie te kon voltooi. Dit was vir my 'n eer en 'n voorreg om met hom te kon saamwerk.

'n Besondere woord van dank aan my familie en vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Pretoria
Februarie, 2002.



Oppedra aan my eggenote, Marietjie, in opregte dankbaarheid vir al die jare se opofferings, liefde, begrip en bystand terwyl ek met my studies besig was.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

	Bladsy
1. Oriëntering en hipotesestelling.....	1
2. Die keuse van die onderwerp.....	2
3. Die indeling van die studie	2
4. Die metode van ondersoek	4

HOOFSTUK 1: WAPENBEHEER EN ONTwapening: 'N KONSEPTUELE RAAMWERK

1. Ontwapening.....	6
1.1 Omskrywing.....	6
1.2 Benaderings tot ontwapening.....	7
1.3 Argumente ten gunste van ontwapening.....	10
1.4 Argumente teen ontwapening.....	11
1.5 Probleme onderliggend aan ontwapening.....	17
1.6 Algemene en omvattende ontwapening.....	18
2. Wapenbeheer.....	21
2.1 Omskrywing.....	23
2.2 Die ontstaan van wapenbeheer.....	25
2.3 Benaderings tot wapenbeheer.....	27
2.3.1 Wapenbeheerooreenkomste.....	30
2.3.2 Verdieping van wapenbeheer.....	33
2.4 Argumente ten gunste van wapenbeheer.....	33
2.5 Argumente teen wapenbeheer.....	36
2.6 Probleme onderliggend aan wapenbeheer.....	37
3. Verifikasie, inspeksie en afdwinging van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste.....	39
3.1 Omskrywing.....	39
3.2 Vereistes vir verifikasie.....	40
3.3 Doelstellings van verifikasie.....	41
3.4 Kategorieë van verifikasie.....	42
3.5 Afdwinging.....	43
3.6 Probleme onderliggend aan verifikasie en inspeksie.....	45
4. Maatreëls om vertroue tussen partye te versterk {"Confidence Building Measures (CBM's)}".....	47
5. Die invloed van die beëindiging van die Koue Oorlog op wapenbeheer en ontwapening.....	49
6. Samevatting.....	51
Verwysings.....	58

HOOFSTUK 2: 'N HISTORIESE OORSIG VAN GLOBALE ONTwapening EN WAPENBEHEER TOT 1991

1.	Wapenbeheer en ontwapening in die antieke wêreld.....	68
2.	Wapenbeheer in die Middeleeue.....	69
3.	Wapenbeheer in die tydperk 1648-1914.....	71
4.	Wapenbeheer in die tussen-oorlogtydperk (1919-1939)	73
4.1	Wapenbeheer aan die einde van konflikte.....	74
4.2	Wapenbeheer om verhoudings te stabiliseer.....	74
4.3	Wapenbeheer deur gedragsnorme te bepaal.....	75
4.4	Wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur.....	76
4.5	Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie.....	77
5.	Wapenbeheer gedurende die Koue Oorlog.....	79
5.1	Kernontwapening vanaf 1945 tot 1962.....	79
5.1.1	Die stigting van die VN.....	80
5.1.2	Die VN se vroeëre pogings tot ontwapening.....	80
5.1.3	Die Baruch Plan.....	81
5.1.4	Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)	82
5.1.5	Verdere pogings deur die VN tot ontwapening.....	82
5.1.6	Wapenbeheer as reaksie op die mislukking van kernontwapening.....	83
5.2	Wapenbeheer vanaf 1963 tot 1979.....	84
5.2.1	Vrees vir kernproliferasie.....	84
5.2.2	Die Zangger Komitee en die Kernverskaffersgroep (KVG).....	85
5.2.3	Beheer oor kerntoetse	85
5.2.4	Die SALT I Ooreenkoms.....	86
5.2.5	Die Salt II Verdrag.....	87
5.2.6	Verbod op biologiese wapens.....	87
5.2.7	Wapenbeheer om gedragsnorme te bepaal.....	88
5.2.8	Vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls (CSBM's)	89
5.3	Die periode na die mislukking van die SALT II Verdrag tot 1984.....	91
5.4	Wapenbeheer en ontwapening in die Gorbatsjof-era (1985-1991)	92
5.4.1	Die Australië Groep.....	93
5.4.2	Die "Intermediate-range Nuclear Forces" (INF) Verdrag.....	94
5.4.3	Die VSA-Sowjet Chemiese Wapenooreenkoms.....	94
5.4.4	Die "Conventional Forces in Europe" (CFE)Verdrag.....	94
5.4.5	Die gedwonge ontwapening van Irak.....	96
5.4.6	Die START I Verdrag.....	96
5.4.7	Die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR)	97
5.4.8	VSA/Sowjet unilaterale vermindering van kernmagte.....	98
6.	Samevatting.....	99

Verwysings.....	103
-----------------	-----

HOOFSTUK 3: GLOBALE WAPENBEHEER EN ONTWAPENING NA DIE KOU E OORLOG

1.	Bepalende faktore vir die toepassing van wapenbeheer en ontwapening ná die Koue Oorlog.....	111
1.1	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het.....	111
1.2	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed.....	114
2.	Proliferasie van wapens en lanseerstelsels.....	117
2.1	Die proliferasie van kernwapens.....	118
2.2	Die proliferasie van chemiese en biologiese wapens.....	119
2.3	Die proliferasie van ballistiese missiele en vliegtuie wat kernwapens kan aflewer.....	120
2.4	Die proliferasie van konvensionele wapens.....	121
3.	Die belangrikste wapenbeheer en ontwapeningsooreenkomste wat na die Koue Oorlog gesluit is	123
3.1	Ooreenkomste wat ten opsigte van kernwapens gesluit is.....	124
3.1.1	Die 1991-1992 VSA-Russiese unilaterale vermindering van kernwapens.....	125
3.1.2	Die START I Verdrag.....	126
3.1.3	Die START II Verdrag.....	129
3.1.4	Die Omvattende Kerntoetsverbod.....	131
3.1.5	Die Kernsperverdrag.....	131
3.1.6	Kernwapenvrye sones.....	132
3.2	Inspeksie- en uitvoerbeheermaatreëls om kernwapenproliferasie teë te werk.....	133
3.2.1	Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA).....	133
3.2.2	Die Zanger Komitee en die KVG.....	134
3.3	Ooreenkomste wat ten opsigte van chemiese en biologiese wapens gesluit is.....	136
3.3.1	Die Chemiese Wapenkonvensie (CWK).....	136
3.3.2	Hersieningskonferensies van die Biologiese en Toksiese Wapenkonvensie (BTWK).....	138
3.4	Die Australië Groep (AG).....	138
3.5	UNSCOM.....	139
3.6	Langafstand ballistiese missiele.....	140
3.7	Ooreenkomste wat ten opsigte van konvensionele magte en wapens gesluit is.....	141
3.7.1	Die "Conventional Forces in Europe" (CFE) Verdrag.....	141
3.7.2	Die CFE 1A Ooreenkoms.....	143
3.7.3	Die Onmenslike Wapenkonvensie.....	143
3.7.3.1	Laserwapens.....	144
3.7.3.2	Landmyne.....	144
3.7.4	Die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie.....	145
3.8	Die Wassenaar Reëling.....	146
3.9	Die Europese Unie Regulاسie (EU Regulاسie).....	147
4.	CSBM's.....	148



4.1	Die “Conference for Security and Co-operation in Europe” (CSCE) en die “Forum for Security Co-operation” (FSC)	148
4.2	Die Weense Dokumente.....	150
4.3	Die Verdrag op Oop Lugruime.....	152
4.4	Die VN Register van Konvensionele Wapens.....	153
5.	Samevatting.....	155
	Verwysings.....	159

HOOFSTUK 4: 'N HISTORIESE OORSIG OOR WAPENBEHEER EN ONTwapening IN AFRIKA GEDURENDE DIE KOUE OORLOG

1.	Konflik in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	169
2.	Militêre uitgawes en wapenhandel in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	170
3.	Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening.....	172
3.1	Ghana se rol.....	173
3.2	Die Onverbonde Beweging (OB) en ontwapening.....	174
3.3	Die OAE en ontwapening gedurende die Koue Oorlog.....	174
3.4	Afrika se betrokkenheid by globale wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog...	177
4.	Teenstrydighede in Afrika se pogings tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog	178
5.	'n Kernwapenvrye sone in Afrika.....	179
6.	Organisasies wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika gestig is om veiligheid te bevorder.....	183
6.1	Die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE)	183
6.2	Die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikaanse State (EGWAS)	186
6.3	Die VN se Streeksentrum vir Vrede en Ontwapening in Afrika (VNSVOA)	186
7.	Die VN en vredehandhawing in Afrika gedurende die Koue Oorlog.....	187
8.	Samevatting.....	188
	Verwysings.....	190

HOOFSTUK 5: WAPENBEHEER EN ONTwapening IN AFRIKA NA DIE KOUE OORLOG

1.	Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening.....	195
2.	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika benadeel.....	197
2.1	Konflik in Afrika in die negentigerjare.....	199
2.2	Kleinwapenproliferasie in Afrika na die Koue Oorlog.....	201
3.	Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bevorder het.....	203
4.	Inisiatiewe wat deur die VN en organisasies in Afrika na die Koue Oorlog geneem is wat bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening is	206
4.1	Vredesendings deur die VN in Afrika na die Koue Oorlog.....	206
4.2	Die Kampala Dokument.....	208

4.3	Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en Oplossing.....	209
4.4	Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.....	210
5.	Afrikastate en wapenbeheer/ontwapeningsooreenkomste na die Koue Oorlog.....	212
5.1	Die instelling van 'n kernwapenvrye sone in Afrika.....	212
5.2	Die Kernsperverdrag se Hersieningskonferensie van 2000	214
5.3	Wapenbeheer en ontwapening met verwysing na biologiese en chemiese wapens in Afrika na die Koue Oorlog.....	215
5.4	Teen-personeelmyne in Afrika.....	218
5.5	Klein- en ligte wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog.....	220
5.5.1	VN insiatiewe.....	221
5.5.2	Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in klein- en ligte wapens in Afrika.....	224
5.5.3	'n Moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika.....	225
5.5.4	Operasies Rachel in Suider-Afrika.....	226
6.	CSBM's in die Afrika konteks.....	226
7.	Samevatting.....	228
	Verwysings.....	230

HOOFSTUK 6 : SUID-AFRIKA EN WAPENBEHEER EN ONTwapening GEDURENDE EN NA DIE KOUe OORLOG

1.	Die Koue Oorlogtydperk.....	238
1.1	Konflikte waarby Suid-Afrika betrokke was en herbewapening gedurende die Koue Oorlog.....	239
1.2	Die VN se wapenembargo's van 1963,1977 en die boikotte van 1984 en 1986.....	240
1.3	Suid-Afrika en chemiese en biologiese wapens gedurende die Koue Oorlog.....	242
1.4	Suid-Afrika en kernwapens gedurende die Koue Oorlog.....	244
1.5	Suid-Afrika en missielvervaardiging gedurende die Koue Oorlog.....	245
2.	Die na-Koue Oorlogtydperk.....	246
2.1	Die aanvang van ontwapening.....	246
2.2	Suid-Afrika se beleid ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening.....	247
2.3	Suid-Afrika se benadering tot die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging.....	249
2.3.1	Die Kernsperverdrag.....	250
2.3.2	Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)	251
2.3.3	Die Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT).....	251
2.3.4	Die Afrika Kernwapenvrye Sone Verdrag (Pelindaba Verdrag)	252
2.3.5	Kern- en tweeledige gebruik uitvoerbeheer.....	253
2.4	Chemiese en biologiese wapens.....	253
2.4.1	Die BTWK.....	253
2.4.2	Die CWK.....	254
2.5	Suid-Afrika en die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR)	255



2.6	Konvensionele wapens.....	256
2.6.1	Verbintenis deur die Suid-Afrikaanse regering tot konvensionele wapenbeheer	256
2.6.2	Die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens (NKBKW)	257
2.6.3	Suid-Afrika en die Onmenslike Wapenkonsensie.....	260
2.6.4	Suid-Afrika en teen-personeelmyne.....	260
2.6.5	Kleinwapens.....	261
2.6.5.1	Kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika	261
2.6.5.2	Beheer oor kleinwapens in Suid-Afrika.....	265
2.7	Suid-Afrika en die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO)	266
3.	Samevatting	267
	Verwysings.....	270

HOOFSTUK 7 : WAARDESKATTING

1.	Die konsep van wapenbeheer en ontwapening.....	277
2.	Die situasie na die beëindiging van die Koue Oorlog	279
3.	'n Historiese oorsig van die toepassing van wapenbeheer en ontwapening.....	280
4.	Globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog.....	283
5.	Afrika en wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog.....	286
6.	Afrika en wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog.....	288
7.	Suid-Afrika en wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog.....	290
8.	Gevolgtrekkings.....	292
	Verwysings.....	294
	BIBLIOGRAFIE.....	295

TABELLE

	Bladsy
Stand van die kernmagte van die vyf verklaarde kernwapenstate soos op 1 Januarie 2001.....	124
Limiete vir SKA's, kernplofkoppe en sub-limiete vir kernplofkoppe van IKBM's en SLBM's soos deur die <u>Start I</u> Verdrag bepaal	128
Jaarlikse gemiddelde wapeninvoere vir sub-Sahara Afrika en Suid-Afrika (1960-1983).....	171
Wapenverkope aan sub-Sahara Afrika (1984-1991).....	172
Steun uit Afrika vir die belangrikste multilaterale nie-kernwapenooreenkomste tydens die Koue Oorlog	177
Steun uit Afrika vir multilaterale kernverdrae tydens die Koue Oorlog.....	181
Groot gewapende konflikte wat tussen 1990 en 2000 in Afrika plaasgevind het	200
Status ten opsigte van Afrikastate van multilaterale kernverdrae soos op 15 April 2001.....	213
Status van belangrike multilaterale nie-kernverdrae ten opsigte van Afrikastate soos op 1 Januarie 2001	217
VN wapenembargo's teen Afrikastate en rebellegroepe na die Koue Oorlog.....	222
Nasionale wapenbeheer wetgewing, beheerstrukture en verantwoordelike instansies.....	248

INLEIDING

1. Oriëntering en hipotesestelling

Die Koue Oorlogtydperk, sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot 1990/1991, is gekenmerk deur 'n stryd tussen die Ooste, verteenwoordig deur die voormalige Sowjet-Unie en sy Oos-Europese bondgenote, en die Weste, verteenwoordig deur die Verenigde State van Amerika (VSA) en sy Wes-Europese en ander bondgenote. Dié twee supermoondhede was in 'n deurlopende stryd om wêreldoorheersing gewikkel en het in die proses hulle invloed op allerlei wyses gebruik om ander state in die wêreld se guns te wen. Op militêre gebied is ander state van wapens voorsien en op ander wyses in streeks- en plaaslike oorloë deur die supermoondhede gehelp, indien die supermoondhede op een of ander wyse voordeel sou kon trek uit 'n oorwinning vir 'n sekere faksie of staat in so 'n surrogaat oorlog.

Die Koue Oorlog is dus gekenmerk deur 'n wapenwedloop tussen die Ooste en die Weste om die magsbalans in die wêreld te behou. Hierdie magsbalans is veral deur 'n strewe na oorheersing ten opsigte van kernwapens en hul afleweringstelsels gekenmerk. Ontwikkeling op die gebied van chemiese, biologiese en konvensionele wapens het egter ook onverpoosd voortgegaan.

Ten einde hierdie wapen- en magstryd te probeer temper asook om die wêreld van totale kernuitwissing te red, is daar gedurende die Koue Oorlog, en daarna, hoofsaaklik deur tussenkoms van die Verenigde Nasies, gepoog om deur die sluiting van talle ooreenkomste wapenbeheer en ontwapening oor die hele wêreld toe te pas en te bevorder.

Die volgende hipoteses word met hierdie studie ondersoek:

- Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat weens die feit dat daar skynbaar nog geen omvattende studie van wapenbeheer en ontwapening, soos dit ná die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika gemanifesteer het gemaak is nie, daar moontlik nie genoeg navorsingsmateriaal bestaan om so 'n studie te regverdig nie.
- Weens die feit dat die Koue Oorlog na 45 jaar tot 'n einde gekom het, kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n wêreldkatastrofe tans vergesog is en wapenbeheer dus van minder belang geword het.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op internasionale veiligheidstoestande gehad.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op die voorkoms van konflikte in Afrika en daarom op wapenbeheer en ontwapening in Afrika gehad.
- Die beëindiging van die Koue Oorlog het 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika gehad.

Die konsepte van wapenbeheer en ontwapening soos deur twintigste eeuse teoretici ontwikkel, is gedurende en na die Koue Oorlog toegepas. Daar is dus ook gepoog om die teorie in die praktyk te toets.

2. Die keuse van die onderwerp

Alhoewel daar al talle artikels en boeke met wapenbeheer en ontwapening as onderwerp verskyn het, is hierdie onderwerp gekies om spesifiek op wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog, met spesifieke verwysing na Afrika en Suid-Afrika, te fokus. 'n Bestaande studie wat spesifiek oor wapenbeheer en ontwapening in Afrika en Suid-Afrika handel en die hele spektrum van wapens dek, blyk uit hierdie studie nie geredelik beskikbaar te wees nie. Hierdie studie is 'n poging om 'n bydrae in hierdie opsig te lewer deur bestaande insigte aan te vul en uit te brei, maar ook om 'n geheelbeeld van die situasie in Afrika en in Suid-Afrika daar te stel. Die navorsing vir die studie is tot 'n groot mate op gepubliseerde werke gebaseer. Daar is onder andere ook van die volgende bronne gebruik gemaak: artikels in tydskrifte; VN publikasies en dokumente; SIPRI publikasies; inligting vanaf die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake verkry; OAE dokumente; nuusbladberigte en die Internet.

3. Die indeling van die studie

Die tydperke waarop gefokus word is hoofsaaklik vanaf 1960 tot 1991 gedurende die Koue Oorlog en vanaf 1992 tot 1999 na die Koue Oorlog. Alhoewel die sogenaamde "Berlynse Muur" reeds in 1989 afgebreek is, het die Sowjet-Unie steeds bestaan. Die Sowjet-Unie het aan die einde van 1991 eers tot 'n val gekom, vandaar die uitgangspunt dat 1991 die jaar was waartydens die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het. Volledigheidshalwe is op 1999 as die "afsnypunt" vir die na-Koue Oorlogtydperk besluit. Daar sal egter, waar toepaslik, na gebeure gedurende 2000 en 2001 ook verwys word.

Die indeling van die hoofstukke is soos volg:

In Hoofstuk 1 word aandag gegee aan die konseptuele aspekte van wapenbeheer en ontwapening. Dié twee terme word omskryf; die aard en benaderings in die toepassing daarvan word bespreek; die argumente daarvoor en daarteen; en probleme met die toepassing daarvan. Daar word ook op die verskille tussen wapenbeheer en ontwapening gewys, sowel as vertroueskeppende maatreëls en verifikasie van ooreenkomste.

In hoofstuk 2 word die geskiedenis van wapenbeheer en ontwapening bespreek. Tydsgewys word tydperke soos volg ingedeel: die antieke tydperk; die Middeleeue; die

tydperk 1648-1914; die tussen-oorlogtydperk, 1919-1939; en die Koue Oorlogtydperk, 1945-1991. Die benaderings wat gedurende die verskillende historiese tydperke gevolg is asook die tendense ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening word ook bespreek. Ontwapening kan in sekere omstandighede 'n element van 'n wapenbeheerooreenkoms wees, maar wapenbeheer kan nooit as 'n element van 'n ontwapeningsooreenkoms beskou word nie. Dié benadering sal deurgaans in hierdie en opvolgende hoofstukke gevolg word.

Hoofstuk 3 handel oor globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog (1992-1999). Die beëindiging van die Koue Oorlog het veroorsaak dat die fokus, in aanvulling tot die militêre terrein, ook op ander dimensies, wat 'n invloed op die internasionale veiligheidsituasie kan hê, geplaas is. In hierdie hoofstuk word die faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het sowel as faktore wat dit nadelig beïnvloed het, in oënskou geneem. Die proliferasie van wapens van alle kategorieë sowel as die belangrikste wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste wat na die Koue Oorlog gesluit is, word bespreek.

Hoofstuk 4 handel oor wapenbeheer en ontwapening, soos dit gedurende die Koue Oorlog in Afrika gemanifesteer het. Die bespreking fokus spesifiek op sub-Sahara Afrika. Meeste Afrikastate het vanaf 1960 hulle onafhanklikheid verkry. Die tydperk waarop dus veral gekonsentreer word is vanaf 1960 tot 1991.

Twee belangrike aspekte wat 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Afrika gehad het en inderwaarheid teenstrydig is met pogings tot wapenbeheer en ontwapening, is die voorkoms van militêre konflikte en die gevolglike vraag na wapens. Dié twee aspekte word ook in hoofstuk 4 bespreek.

Hoofstuk 5 handel oor wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog. Met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die Oos-Europese state en die ekonomies ontwrigtende hereniging van Oos- en Wes-Duitsland, het Afrika tot die besef gekom dat Westerse hulp in die vorm van kapitaal en tegnologie eerder na die Gemenebes van Onafhanklike State (eertydse Sowjet-Unie) en Oos-Europa gekanaliseer sal word as na Afrika. Die Westerse moondhede het ook tot 'n groot mate belangstelling in Afrika verloor as gevolg van swak regering, swak bestuur en korrupsie wat in vele Afrikastate hoogty gevier het. Rusland was in elk geval nie meer instaat om hulp te verleen soos in die verlede nie, en die Oos-Wes mededinging om uitbreiding van invloedssfeer in Afrika was iets van die verlede. Bykans terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse regering hervormings aangekondig wat die einde van die apartheidsbeleid beteken het en 'n einde aan die insurgensie-veldtog deur die ANC in Suid-Afrika sou meebring.

In die lig van hierdie gebeure handel hierdie hoofstuk oor faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed het asook oor faktore wat

wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog bevorder het. Die Verenigde Nasies (VN) het verskeie inisiatiewe na die Koue Oorlog in Afrika geneem om wapenbeheer en ontwapening te bevorder. Die proliferasie van teen-personeelmyne en klein en ligte wapens word bespreek asook wat in Afrika na die Koue Oorlog gedoen is om dit te bekamp. Afrikastate was ook betrokke by verskeie multilaterale globale wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste. Daar word ook kortliks aan vertrou- en veiligheidskeppende maat- reëls in die Afrika konteks aandag gegee.

In hoofstuk 6 word op wapenbeheer en ontwapening gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gefokus. Die tydperk wat gedek word is hoofsaaklik vanaf 1960 tot 1999. Alhoewel Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk 'n aantal multilaterale ooreenkomste onderteken het, was daar gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Dit word in hierdie hoofstuk aangetoon dat Suid-Afrika vanaf die sestigerjare tot in die laat tagtigerjare, weens sy apartheidsbeleid en sy omstrede administrasie van Suid-Wes Afrika (later Namibië) aan twee fronte, naamlik aan die Angolese grens teen SWAPO en aan die grense van die sogenaamde frontliniestate in Suider-Afrika teen die ANC in militêre konflikte betrokke was. Suid-Afrika moes noodwendig herbewapen. Die VN se wapenembargo's van 1963 en 1977 het Suid-Afrika gedwing om sy eie wapens te vervaardig. Die VN boikot van 1984, wat in 1986 verskerp is, was 'n poging om te verhoed dat Suid-Afrika buitelandse valuta kon verdien deur wapens uit te voer. In hierdie hoofstuk word Suid-Afrika se betrokkenheid, teenstrydig met die doelstellings van wapenbeheer en ontwapening, by die vervaardiging van wapens van grootskaalse vernietiging, missiele, konvensionele en kleinwapens bespreek. Verder word Suid-Afrika se radikale verandering in benadering aan die einde van die Koue Oorlog en na die Koue Oorlog, veral na die 1994 demokratiese verkiesing, ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening beskryf, asook Suid-Afrika se bydraes in hierdie verband op internasionale vlak.

In hoofstuk 7 word 'n waardeskatting van die studie aangebied en gevolgtrekkings gemaak of die hipoteses soos in die Inleiding gestel geverifieer kon word.

4. Die metode van ondersoek

Die metode van ondersoek wat gevolg is vir die bestudering van die onderwerp is histories-beskrywend en analities van aard. Die doel hiermee was om die verskillende wapenkategorieë en tydperke af te baken en dan vas te stel tot hoe 'n mate wapenbeheer en ontwapening globaal, en meer spesifiek op streeks-(Afrika) en nasionale (Suid-Afrika) vlakke gedurende en na die Koue Oorlog toegepas is. Wapenbeheer en ontwapening soos

voor en na die Koue Oorlog toegepas word deur analise verder aan die teorie, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, getoets.

Die prosedure wat met die navorsing gevolg is was soos volg: selektering van boeke, dokumente, tydskrifte, nuusblaaie en publikasies van verskillende aard; dataverzameling en bestudering van tekste; data-ontleding ten einde vas te stel watter toepaslik is; die proses van interpretering van die inligting; toepassing van inligting; evaluasie en die vorming van gevolgtrekkings.